Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT




# 2027

## Voorgraadse prospektus

Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of
Onafhanklike Eksamenraad- (IEB-)sertifikaat

## Opedag van die Universiteit Stellenbosch: Saterdag 18 April 2026

Sluit by ons op kampus aan vir ons jaarlikse Opedag, waar ons graad 11- en 12leerders, ouers, onderwysers en voorligters verwelkom om beide die Stellenbosch- en die Tygerberg-kampus te verken. Woon inligtingsessies, uitstallings en demonstrasies by wat in ons wêreldklasfasiliteite aangebied word. Geniet 'n begeleide toer van ons pragtige kampus, ons lewendige studentelewe en gemeenskappe, en ons koshuise.

**Aanlyn Opedag:** As jy Opedag nie persoonlik kan bywoon nie, kan jy steeds die Universiteit Stellenbosch ervaar – sluit aan by ons Aanlyn Opedag, van **20 April tot 31 Julie**. Dit gee jou toegang tot al die inligtingsessies. Bly op hoogte deur www.maties.com te besoek.

### Konsultasiesessies

Leerders kan 'n individuele kontak- of aanlyn afspraak met 'n studentewerwingpraktisyn maak. Hierdie sessies dek Universiteitsprogramme, toelatingsvereistes en die aansoekproses.
**Besprekings:** csr@sun.ac.za | 021 808 4709

### Voorligting en assessering

Leerders kan ook individuele kontak- of aanlyn sessies bespreek vir vakkeusevoorligting (graad 9) of loopbaanbeplanningsassesserings (graad 11 en 12). Hierdie proses sluit 'n vier uur lange psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings in, gevolg deur individuele terugvoer en 'n gedetailleerde verslag.
**Besprekings:** csr@sun.ac.za | 021 808 4709

### Universiteitstoelating

Let asseblief op dat die Universiteit Stellenbosch meer aansoeke ontvang as wat daar beskikbare plekke is. Om aan die minimum toelatingsvereistes te voldoen, waarborg dus nie toelating tot jou voorkeurprogram nie. Alle programme is keuringsprogramme, en aansoekers word gekeur volgens die betrokke fakulteit se keuringsriglyne (beskikbaar by www.maties.com > Apply > Toelatings- en keuringsvereistes).

### Basiese toelatingsvereistes vir universiteitstudie

- Jy moet 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of 'n Onafhanklike Eksamenraad- (IEB-)skoolverlatersertifikaat hê, soos deur Umalusi gesertifiseer vir toelating tot baccalaureusstudies.
- Nasionale Normtoetse (NNT's) word nie vir 2027-toelating vereis nie, behalwe vir alle programme van die **Fakulteit Regsgeleerdheid**, aansoekers uit die **School of Tomorrow**, die **Suid-Afrika-gebaseerde American High School Diploma (AHSD)** en **alle aanlyn skole**.
- Daar is ook bykomende programspesifieke vereistes (kyk by die afdelings oor individuele programme).
- Raadpleeg ook die fakulteite se keuringsriglyne by www.maties.com > Apply > Toelatings- en keuringsvereistes.

### Internasionale aansoekers

As jy met internasionale eksamenkwalifikasies aansoek doen, sal die Toelatingskantoor in samewerking met Universiteit Stellenbosch Internasionaal jou akademiese rekord evalueer. Vir meer besonderhede, besoek www.maties.com > Apply > Internasionale kurrikulums.

# FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

### BAgric in Agribesigheidsbestuur (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur; BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Landbou-ekonomie .

**Loopbaangeleenthede:** Bestuurder van agri-ondernemings met die klem op gewas- of diereproduksie. 'n Landbou-ekonoom by 'n finansiële instelling (uitvoerbaarheidstudies, sakeplanne, kontantvloeibeplanning).

### BScAgric in Landbou-ekonomie (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Studiegebiede**
- Landbou-ekonomiese Analise
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur met Voedselwetenskap
- Landbou-ekonomie met Voedselwetenskap

**Soortgelyke program:** BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Landbou-ekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Navorser op die gebied van makro-ekonomiese analise (impakstudie en ontwerp van landbou- en voedselbeleid); landbou-ekonoom by 'n finansiële instelling of bemarkingsorganisasie (waardasies, risiko-ontledings, sakeplanne, kontantvloei); bestuurder en spesialis by openbaresektor- of internasionale organisasies gemoeid met ekonomiese ontwikkeling (soos die Wêreldbank). Bestuurder van voedselverwerkingsondernemings.

### BAgric in Landbouproduksie en -bestuur: Elsenburg (3 jaar)

Hierdie program word in samewerking met Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut aangebied. Studente woon op Elsenburgkampus, waar hulle ook ál hulle opleiding ontvang. Vir verdere inligting, kontak Elsenburg direk by 021 808 5451.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **55%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%** OF Lewenswetenskappe **50%** OF Landbouwetenskappe **50%**

**Studiegebiede**
- Diereproduksie
- Kelderbestuur
- Keldertegnologie
- Voorligting en Diereproduksie
- Voorligting en Plantproduksie
- Plantproduksie
- Plant- en Diereproduksie

## BScAgric in Diereproduksiestelsels (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Studiegebied**
- Veekunde

**Soortgelyke programme:** Enige BScAgric-program met soortgelyke vakke; versoek ná die eerste semester en/of akademiese jaar om oor te slaan; BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (Elsenburg) met fokusgebied Diereproduksie, of Voorligting en Diereproduksie.

**Loopbaangeleenthede:** Konsultant, entrepreneur, bestuurder, tegnikus, voorligtingsbeampte of produksiebestuurder in veekundige of verbandhoudende bedrywe (soos dierevoeding, vleiskunde, dierefisiologie, dierevoortplanting, en diereteelt en -genetika), of die akwakultuurbedryf, veeboer en wildboer

## BSc in Bewaringsekologie (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Biodiversiteit en Ekologie; BScBosb (Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Loopbane in omgewingsimpakstudie en -monitering, herstel-ekologie, bewaringsbiologie, wildplaasbestuur, ekotoerisme, volhoubare landbou, bosbou en organiese plantbestuur, gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur en navorsing oor bewaringsbiologie.

## Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet) (4 jaar)

Dit is 'n tussenfakulteitprogram.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Afrikaans Huistaal **60%** OF Engels Huistaal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Studiegebied**
- Statistiese Genetika

**Loopbaangeleenthede:** In statistiese genetika word statistiese metodes gebruik om afleidings oor genetiese data te maak. Dit word gebruik op 'n terrein soos kwantitatiewe populasiegenetika deur byvoorbeeld plantkwekers en bewaringsgenetici, en in genetiese epidemiologie, wat die uitwerking van gene op siektes bestudeer.

## BSc in Voedselwetenskap (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Dieetkunde; BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc in Chemie

**Loopbaangeleenthede:** Voedselwetenskaplikes word aangestel vir pligte soos gehalteversekering, produkontwikkeling en navorsing, tegniese bystand, verkope, aankope en produksiebestuur in die voedselbedryf.

## BSc in Bosbou (Bosbou- en Houtwetenskappe) (BScBosb) (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Sien bykomende vereistes vir elke studiegebied

**Studiegebiede**
- Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe:
  - Wiskunde **60%**
  - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**
- Hout- en Houtprodukkunde:
  - Wiskunde **70%**
  - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **60%**

**Soortgelyke programme:**
*Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe:* BSc in Bewaringsekologie; BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe; BSc in Aardwetenskap
*Hout- en Houtprodukkunde:* BIng (Bedryf); BSc in Geo-informatika

**Loopbaangeleenthede:**
*Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe:* Werk as 'n bosboukenner, houtkweker, omgewingsbeplanner, bosnavorser, bosbouer, voorligtingsbeampte of konsultant, logistiekbestuurder, boomkweker, landelike ontwikkelingsadviseur en entrepreneur.
*Hout- en Houtprodukkunde:* Werk as 'n houtprodukkenner, bestuurder van 'n produksieaanleg vir houtprodukte, produkontwikkelingsbestuurder, gehalteversekeringsbestuurder, konsultant en houtwetenskaplike.

## BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Studiegebiede**
- Gewasproduksiestelsels
- Gewasproduksiestelsels met Agronomie, Landbou-ekonomie en Veekunde
- Gewasbeskerming en -kweking
- Grond- en Waterbestuur

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Wingerd- en Wynkunde; BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc in Biodiversiteit en Ekologie; BSc in Aardwetenskap; BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (Elsenburg) met fokusgebied Plantproduksie, of Voorligting en Plantproduksie.

**Loopbaangeleenthede:** Loopbaangeleenthede in gewasproduksie (agronomie, sagtevrugte, sitrus, fynbos, wingerdbou en kweekhuis), gewasbeskerming, genetiese gewasverbetering, en grond- en waterbestuur. Verskeie loopbane in die landboubedryf of landbouverwante bedrywe, soos konsultant, entrepreneur, bestuurder, voorligtingsbeampte, tegnikus of navorser.

## BScAgric in Wingerd- en Wynkunde (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe; BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (Elsenburg) met fokusgebied Kelderbestuur of Keldertegnologie.

**Loopbaangeleenthede:** Wynmaker, wingerdbouer, sensoriese spesialis, wynbiotegnoloog, laboratorium-analis, navorser, produksiebestuurder, bemarker, tegnikus, konsultant of entrepreneur in wynverwante bedrywe.

### Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's)

'n VKP behels een ekstra studiejaar. Buiten die BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (wat by Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut aangebied word) en die BSc in Voedselwetenskap, is ál die programme hier bo ook as VKP's beskikbaar.

'n Gemiddelde prestasie van ten minste 60%
in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
Engels OF Afrikaans
(Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
EN
Voldoening aan een van die volgende kombinasies:

| **Kombinasie 1** | **Kombinasie 2** |
|---|---|
| Wiskunde tussen **55% en 59,9%** | Wiskunde **≥ 60%** |
| Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **≥ 50%** | Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **tussen 45% en 49,9%** |

BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde)

| **Kombinasie 1** | **Kombinasie 2** |
|---|---|
| Wiskunde tussen **60% en 69,9%** | Wiskunde **≥ 70%** |
| Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **≥ 60%** | Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **tussen 55% en 59,9%** |



# FAKULTEIT **LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE**

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoolverlatersertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB), soos gesertifiseer deur Umalusi, met 'n punt van ten minste 4 (**50%**) in vier skoolvakke uit die volgende lys: Rekeningkunde; Landbouwetenskappe; Besigheidstudies; Verbruikerstudies; Dramatiese Kunste; Ekonomie; Ingenieursgrafika en -ontwerp; Geografie; Geskiedenis; Inligtingstegnologie; Lewenswetenskappe; Wiskunde; Wiskundige Geletterdheid; Musiek; Fisiese Wetenskappe; Religiestudies; Visuele Kunste; Tale (een leer-en-onderrigtaal aan 'n hoëronderwysinstelling, en twee ander erkende taalvakke).

Raadpleeg ook die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

## ALGEMENE GRAADPROGRAMME

### BA in Geesteswetenskappe# (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**

*Indien jy Organisatoriese Informatika as 'n universiteitsvak neem, ook:*
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**

**Soortgelyke program:** BA-graad

**Loopbaangeleenthede:** 'n Wye vakkeuse wat op een van die twee rigtings hier onder konsentreer. Verdere nagraadse opleiding rus jou toe vir beroepe soos onderwyser, sielkundige, taalpraktisyn, joernalis, en stad- en streeksbeplanner.

**Rigtings:** Menslike Denke, Taal, Kultuur en Kuns; Mense en Samelewing

### BA in Taal en Kultuur# (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **50%**

**Soortgelyke programme:** BA in Geesteswetenskappe; BA in Internasionale Studie; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie.

**Loopbaangeleenthede:** Loopbane in beroepe wat kundigheid in tale en kultuur vereis, diplomatieke diens, onderwys, uitgewery, reklamewese, toerisme, joernalistiek en die vertaalbedryf.

## GESPESIALISEERDE GRAADPROGRAMME

### BA in Ontwikkeling en die Omgewing# (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**

*Indien jy Ekonomie as 'n universiteitsvak neem, ook:*
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Geo-informatika; BSc in Aardwetenskap; BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Openbare en Ontwikkelingsbestuur; Diploma in Volhoubare Ontwikkeling.

**Loopbaangeleenthede:** Loopbaanmoontlikhede in gemeenskapsontwikkeling, bevolkingsontwikkeling, stad- en streeksbeplanning, toerisme, hulpbronbeplanning en -bestuur, en omgewingsbeplanning en -bestuur in die openbare en privaat sektor.

## BA in Drama- en Teaterstudie (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **60%**
- Eerste Addisionele Taal **50%**

Keuringsvereistes is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente, of by akg@sun.ac.za.
Kandidate moet in Augustus beskikbaar wees vir oudisies en/of onderhoude by die Departement Drama op Stellenbosch.

**Loopbaangeleenthede:** Hierdie kwalifikasie rus jou toe vir 'n loopbaan in die teater- en mediabedryf, en bied jou ook toegang tot verbandhoudende gebiede soos openbare betrekkinge, bemarking, onderwys en kultuursake.

**Rigtings:** Toneelspel- en Uitvoeringsopleiding; Tegniese en Bestuursopleiding

## BA in Menslikehulpbronbestuur# (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Menslikehulpbronbestuur; BCom (Bedryfsielkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Ontwikkelingsbestuurder, menslikehulpbronbestuurder, psigometris, bestuurskonsultant en arbeidsverhoudingspraktisyn. Lei tot nagraadse studie in Menslikehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde.

## BA in Internasionale Studie# (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BA in Geeswetenskappe; BA in Taal en Kultuur; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie; BCom (Internasionale Besigheid).

**Loopbaangeleenthede:** Diplomatieke diens, parlement, Nasionale Intelligensie-agentskap, toerismebedryf, internasionale joernalistiek, openbare skakelwerk, invoer- en uitvoerbedryf, instellings wat handel en belegging bevorder (soos Wesgro), internasionale organisasies (soos die Verenigde Nasies, Amnestie Internasionaal, Wêreld- Ekonomiese Forum).

## BA in Regsgeleerdheid (3 jaar)

Raadpleeg BA (Regsgeleerdheid) onder die Fakulteit Regsgeleerdheid, bladsy 11.

## Baccalaureus in Musiek (BMus) (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- In die hoofinstrument (of in sang), ten minste 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die graad VII-eksamen, en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die eksamenliggame se teorie-eksamen vir graad V.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teorietoets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waar hulle sal moet bewys lewer van die vereiste standaarde. Wanneer ons jou aansoek ontvang, sal ons die besonderhede van die oudisie aan jou stuur. Verdere inligting: auditions@sun.ac.za.

*Indien jy Wiskunde as 'n universiteitsvak neem, ook:*

- Wiskunde **70%**

**Loopbaangeleenthede:** Musiekopvoeder (dosent of onderwyser), uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekdirekteur, musiekwetenskaplike, komponis of dirigent. Musiekverwante beroepe soos joernalis, musiekverwerker of musiektegnoloog.

**Nagraadse studiegebiede:** Musiekopvoeding, uitvoering, kamermusiek/begeleiding, solosanger/-instrumentalis, musiekwetenskap, komposisie, musiektegnologie, etnomusikologie en koordirigering.

**Rigtings:** Musiekopvoeding; Musiekwetenskap; Musiektegnologie; Uitvoering; Komposisie

## BA in Musiek (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- In die hoofinstrument (of in sang), ten minste 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die graad VII-eksamen, en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die eksamenliggame se teorie-eksamen vir graad V.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teorietoets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waar hulle sal moet bewys lewer van die vereiste standaarde. Wanneer ons jou aansoek ontvang, sal ons die besonderhede van die oudisie aan jou stuur. Verdere inligting: auditions@sun.ac.za.

*Indien jy Wiskunde as 'n universiteitsvak neem, ook:*

- Wiskunde **70%**

**Loopbaangeleenthede:** Privaat musiekonderwyser, dirigent, uitvoerende kunstenaar of begeleier. Ná verdere studie ook musiekverwante beroepe soos musiekjoernalis, musiekterapeut of hoërskoolonderwyser. Nagraadse studie in jou gekose hoofvak kan na ander loopbane lei.

## Diploma in Praktiese Musiek (3 jaar)

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met ten minste **40%** in vier skoolvakke (Lewensoriëntering uitgesluit).
- In die hoofinstrument (of in sang), ten minste 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die graad VII-eksamen, en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die eksamenliggame se teorie-eksamen vir graad III/IV.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teorietoets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waar hulle sal moet bewys lewer van die vereiste standaarde. Wanneer ons jou aansoek ontvang, sal ons die besonderhede van die oudisie aan jou stuur. Verdere inligting: auditions@sun.ac.za.

**Loopbaangeleenthede:** Instrumentale of sangonderwyser, koordirigent, kerkorrelis, uitvoerende kunstenaar of orkesmusikant.

## Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek (1 jaar)

- Jy moet oor 'n Diploma (Praktiese Musiek) beskik of 'n ander musiekkwalifikasie wat die Senaat goedkeur.
- Jy sal op grond van 'n oudisie gekeur word. Indien jy nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie, kan jy aanvaar word op voorwaarde dat jy aanvullende werk doen.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie by die Departement Musiek op Stellenbosch, waar hulle sal moet bewys lewer van die vereiste standaarde. Wanneer ons jou aansoek ontvang, sal ons die besonderhede van die oudisie aan jou stuur. Verdere inligting: auditions@sun.ac.za.

**Loopbaangeleenthede:** Uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekonderwyser of dirigent. Studie kan ook toelating bied tot BMus met spesialisering in Musiekopvoeding, Musiekuitvoering in Kamermusiek of Begeleiding, Solosang of Solospel, Musiekwetenskap, Komposisie, Musiektegnologie, Kerkmusiek, Etnomusikologie of Koordirigering.

## Hoër Sertifikaat in Musiek (1 jaar)

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat
- In die hoofinstrument (of in sang), ten minste 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die graad V/VI-eksamen, en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die eksamenliggame se teorie-eksamen vir graad III/IV.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie. Verdere inligting: auditions@sun.ac.za

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan waarde toevoeg tot gemeenskapsmusiekprojekte. Hierdie kwalifikasie kan jou ook voorberei vir die Diploma in Praktiese Musiek of een van die musiekgraadprogramme, met dien verstande dat jy aan ál die toelatingsvereistes voldoen.

### BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PFE) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **60%**

**Similar programme:** BA in Geesteswetenskappe; BA in Taal en Kultuur; BA in Internasionale Studie; BCom (Ekonomiese Wetenskappe); BCom (Internasionale Besigheid); Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet) met fokusgebied Gedragsekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Bestuurder, joernalis, bedryf- of beleggingsontleder, entrepreneur, diplomaat, staatsamptenaar, navorser, konsultant of akademikus.

### Baccalaureus in Maatskaplike Werk (4 jaar)

**100 plekke beskikbaar**
- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **63%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**

**Soortgelyke program:** BTh (Baccalaureus in Teologie)

**Loopbaangeleenthede:** Maatskaplike werker by 'n staatsdepartement, organisasie sonder winsoogmerk, fasiliteit vir persone met spesiale behoeftes, skool, hospitaal, in 'n arbeidsomgewing, en privaat praktyk. Kan ook internasionaal praktiseer.

### BA in Visuele Kunste (4 jaar)

**Plek vir 60 studente**
- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**

Dien teen **1 September** 'n voorgeskrewe kunsportefeulje in. Inligting is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente.

**Loopbaangeleenthede:** Professionele beeldende kunstenaar, kunsonderwyser, grafiese ontwerper, illustreerder, juweliersware-ontwerper en -vervaardiger, kunskritikus of kunsteoretikus. Verbandhoudende beroepe: Verhoogontwerper, boekontwerper, museum- en kunsgalerykurator, kunshandelaar, kunsentrepreneur, gemmoloog, tegniese kenner in beeldhou-, sweis- en gietwerk sowel as litografi

**Rigtings:** Skone Kunste; Juweliersware- en Metaalontwerp; Visuele Kommunikasieontwerp

### Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet) (4 jaar)

Dít is 'n tussenfakulteitprogram.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Afrikaans Huistaal **60%** OF Engels Huistaal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

Fokusgebied
- Geo-informatika

**Loopbaangeleenthede:** Geo-informatika is die wetenskap en tegnologie wat handel oor die struktuur en karakter van ruimtelike inligting, die vaslegging, klassifikasie en kwalifikasie daarvan, en hoe dit gestoor, verwerk, voorgestel en versprei word.

### # Verlengdekurrikulumprogramme (4 jaar)

Beskikbaar in alle programme wat met 'n # gemerk is. Studente word na die Fakulteit se goeddunke vir die verlengdekurrikulumprogramme gekeur.

# FAKULTEIT **EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

## VOORGRAADSE DIPLOMAPROGRAM

### Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (3 jaar)

'n Komitee keur aansoekers op grond van 'n saamgestelde telling. Die saamgestelde telling bestaan uit akademiese meriete (NSS-gemiddelde) en die belangstelling en ervaring wat jy op kerngebiede toon (word op die departementele aansoekvorm aangedui). Kerngebiede sluit in volhoubare ontwikkeling, sosiale en omgewingsgeregtigheid, 'n entrepreneursingesteldheid, kreatiwiteit en leierskap. Die onderrigtaal is Engels.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **55%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **60%** OF Wiskunde **40%** of Wiskundige Geletterdheid **50%** EN **60%** vir Besigheidstudies of Ekonomie of Rekeningkunde

**Soortgelyke programme:** BA in Ontwikkeling en die Omgewing; BSc in Geo-informatika; BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Openbare en Ontwikkelingsbestuur.

**Loopbaangeleenthede:** Die diploma sal jou entrepreneurs- en intrapreneursbevoegdhede bou. Entrepreneurs is onafhanklike denkers wat hulle kennis en vaardighede gebruik om werksgeleenthede vir hulleself en ander te skep. Intrapreneurs is innoverende, aksiegerigte, selfgemotiveerde persone wat positiewe verandering in organisasies en maatskappye voortdryf. Werksgeleenthede by maatskappye wie se werk met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte strook.

## GRAADPROGRAMME MET 'N REGSFOKUS

Vir toelatingsvereistes, kyk onder Fakulteit Regsgeleerdheid op bladsy 11.

- BCom (Regsgeleerdheid)
- BRekLLB (5 jaar)

## BREË GRAADPROGRAMME MET VERSKILLENDE LOOPBAANFOKUSSE

### BCom (Ekonomiese Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

Om vir die fokusgebiede Ekonometrie en Finansiële Sektor te registreer, moet jy 'n finale punt van **70%** of hoër vir Wiskunde in graad 12 behaal omdat dít 'n vereiste is vir Aktuariële Wetenskap 112 ('n verpligte module in hierdie fokusgebiede). Let daarop dat hierdie vereiste ook van toepassing is op die algemene Ekonomiese Wetenskappe-rigting indien jy vir Aktuariële Wetenskap 112 wil inskryf.

**Fokusgebiede**
- Ekonometrie
- Ekonomiese en Bestuurskonsultasie
- Finansiële Sektor
- Vervoerekonomie

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Landbou-ekonomie; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PFE); BCom (Bestuurswetenskappe); BCom (Wiskundige Wetenskappe); Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet) met fokusgebied Gedragsekonomie.

**Loopbaangeleenthede:** Ekonomie maak 'n wye verskeidenheid loopbane moontlik. Hoewel sommige loopbane nagraadse studie in Ekonomie en Ekonometrie vereis, het ervaring geleer dat voorgraadse kwalifikasies in Ekonomie goeie resultate oplewer vir loopbane in die sakewêreld en die openbare sektor. In die sakesektor fasiliteer mikro-ekonomie logiese besluitneming in die firma, terwyl makro-ekonomie insig bied in die ekonomiese omgewing waarin die onderneming funksioneer. Om Ekonomie as hoofvak te hê kan ook die waarskynlikheid van bevordering in staatsdepartemente verhoog. Daarbenewens skep Ekonomie geleenthede in die onderwys en word dit boonop aanbeveel vir studente wat 'n loopbaan in die joernalistiek beoog.

## BCom (Bestuurswetenskappe) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Fokusgebiede**
- Landbou-ekonomie
- Besigheidsanalitiek
- Entrepreneurskap en Innovasiebestuur
- Finansiële Bestuur
- Finansiële Beplanning
- Menslikehulpbronbestuur
- Informasiestelselbestuur
- Beleggingsbestuur
- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur
- Bemarkingsbestuur
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Landbou-ekonomie; BAgric in Agribesigheidsbestuur; BA in Ontwikkeling en die Omgewing; BA in Menslikehulpbronbestuur; BCom (Ekonomiese Wetenskappe); BCom (Wiskundige Wetenskappe); BCom (Internasionale Besigheid).

**Loopbaangeleenthede:**
**Landbou-ekonomie:** Loopbane sluit in entrepreneurskap, algemene bestuur, finansiële bestuur en logistiekbestuur vir die voorsiening van landbougrondstowwe en -dienste, vir die verwerking en verspreiding van landbouprodukte, en vir landboufinansiering.
**Besigheidsanalitiek:** Loopbane op die terrein van bedryfsintelligensie, konsultasie, gevorderde analitiek, navorsing in verskeie sektore soos banke, kleinhandelmaatskappye en navorsingsinstellings.
**Entrepreneurskap en Innovasiebestuur:** Hierdie fokusgebied leer jou hoe om jou eie werksgeleenthede te skep en kreatief tot ander ondernemings by te dra. Indien jy graag wil deel word van 'n entrepreneurs- en/of innovasiespan van 'n organisasie, sal jy moontlik in hierdie fokusgebied belang stel.
**Finansiële Bestuur:** Of jy nou daaraan dink om jou eie onderneming te begin of vir 'n groot maatskappy te werk, is 'n behoorlike kennis van finansiële bestuur noodsaaklik vir sukses. Volg 'n loopbaan as 'n beleggingsanalis, finansiële analis, risikobestuurder, finansiële bestuurder, finansiële konsultant of finansiële adviseur.
**Finansiële Beplanning:** Hierdie kursus is geskik vir diegene wat belang stel in 'n loopbaan as 'n professionele finansiële beplanner of adviseur in die finansiëledienstebedryf (by 'n versekeringsmaatskappy, 'n onafhanklike finansiëledienstepraktyk, of in die banksektor). Dit is ook bedoel vir diegene wat belang stel in 'n loopbaan as 'n welvaartbestuurder, makelaar, konsultant, versekeringspesialis of kliënteverhoudingsbestuurder.
**Menslikehulpbronbestuur:** Dit lei tot niestatutêre registrasie as 'n menslikehulpbronpraktisyn by die Suid-Afrikaanse Raad vir Mensepraktyke. Volg 'n loopbaan as 'n personeelbestuurder, marknavorser, opleidingsbestuurder, konsultant of arbeidsverhoudingsbestuurder. (Vir statutêre registrasie as 'n psigometris of bedryfsielkundige, raadpleeg BCom (Bedryfsielkunde).)
**Informasiestelselbestuur:** Kennistegnologieë is 'n kerndeel van organisatoriese strategieë en prosesse om produktiwiteit, doeltreffendheid en (soms) innovasie te verbeter.
**Beleggingsbestuur:** Vir diegene wat belang stel in 'n loopbaan as 'n beleggingsbestuurder, beleggingsanalis, aandelemakelaar, portefeuljebestuurder of batebestuurder by 'n beleggingsbestuursfirma, groot korporasie, trust of stigting.
**Logistiekbestuur:** 'n Logistiekbestuurder beplan en beheer die doelmatige en doeltreffende vloei en stoor van goedere, dienste en verbandhoudende inligting vanaf die plek van oorsprong tot by die plek van verbruik. Poste op hierdie gebied sluit in verkrygingsanalis, uitvoerkoördineerder, vraagbeplanner, kontrakbestuurder, voorsienings- en logistiekbestuurder, projekbedryfsbestuurder en bedryfsdirekteur.
**Bemarkingsbestuur:** Op hierdie gebied sal jy aan verskeie bemarkingsaktiwiteite deelneem soos produkbesluite, prysbepaling, verspreiding, reklame, en bewusmaking van produkte of dienste. Moontlike loopbane is bemarkingsbestuurder, verkoopsbestuurder, kliëntbestuurder en reklamebestuurder.
**Openbare en Ontwikkelingsbestuur:** Bestuursloopbane in die openbare, nieregering- en ontwikkelingsektore soos algemene, strategiese, finansiële, personeel-, projek- of programbestuurder. Ontwikkelingsbeplanner, gemeenskapsontwikkelaar of 'n spesialis in beleid- en bestuursnavorsing en -oorlegpleging.

## BCom (Bestuurswetenskappe)-verlengde-kurrikulumprogram (VKP) (4 jaar)

Hierdie program word oor vier jaar aangebied. Jy moet aan die minimum toelatingsvereistes voldoen en sal voorkeur geniet indien jy ook aan die sosio-ekonomiese status- (SES-)vereistes van die Universiteit se toelatingsbeleid en die Universiteitsbepaalde SES-vlak voldoen. **Die program het jaarliks plek vir ongeveer 100 studente. Aansoekers sal vanaf 2027 in hierdie program geplaas word; geen aansoeker sal vir die 2027-program kan aansoek doen nie.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

Let wel:
- Slegs Suid-Afrikaanse burgers kan vir hierdie program registreer.
- Indien jy enige van jou graad 12-vakke (NSS of gelykstaande kurrikulum) herhaal om jou punte te verbeter (hetsy deur 'n oorbruggingsprogram of op enige ander manier), mag jy nie vir die VKP registreer nie.
- Geen aansoekers wat vanaf 'n ander fakulteit of instelling oorskakel, kan vir die program gekeur word nie.

## BCom (Wiskundige Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **70%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **75%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Fokusgebiede**
- Datawetenskap
- Finansiële Risikobestuur
- Operasionele Navorsing

**Soortgelyke programme:** Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet); BSc in Rekenaarwetenskap; BIng; BSc in Fisika; BSc in Wiskundige Wetenskappe; BSc met fokusgebied Bio-informatika en Berekeningsbiologie, of Biomediese Wiskundige Wetenskappe.

**Loopbaangeleenthede:**
**Datawetenskap:** Datawetenskap is 'n interdissiplinêre gebied wat wetenskaplike metodes, prosesse, algoritmes en stelsels gebruik om kennis en insigte uit data in verskillende vorme, sowel gestruktureerd as ongestruktureerd, te onttrek.

Die konsepte van kunsmatige intelligensie, masjienleer en groot data is die spil waarom datawetenskap draai. Hoe meer data beskikbaar kom, hoe groter is die mens se behoefte om daardie data te ontgin en te verstaan. Studies toon dat statistiese ontleding en datavernuf onder die vaardighede is waarna daar wêreldwyd die grootste vraag bestaan, en dat die vraag die aanbod verreweg oorskry.
**Finansiële Risikobestuur:** Persone met opleiding in finansiële risikobestuur, wiskundige statistiek en finansiële wiskunde word deur groot finansiële instellings as finansiële kwantitatiewe analiste soos finansiële risikobestuurders, portefeuljebestuurders en finansiële instrumenthandelaars aangestel.
**Operasionele Navorsing:** Hierdie praktykgerigte fokusgebied soek na wiskundig gegronde oplossings vir probleme met 'n hoë vlak van kompleksiteit, onsekerheid en konflik in fabrieke, ondernemings, banke, die mynwese en die landbousektor.

## BCom (Internasionale Besigheid) (4 jaar)

'n Beperkte getal studente word deur middel van 'n spesiale keuringsproses gekeur. Die program BCom (Internasionele Besigheid) is 'n streng keuringsprogram met vasgestelde kriteria waaraan daar voldoen moet word om van een akademiese jaar tot die volgende te vorder. Die derde jaar sluit 'n internasionale uitruilsemester in. Die onderrigtaal is Engels.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%**
- Engels Huistaal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **80%**

**Soortgelyke program:** BCom (Bestuurswetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Interaksie met internasionale studente en die wêreldwye markplek berei jou voor vir 'n pos as 'n bemarkingsbestuurder, finansiële bestuurder of innovasiebestuurder by 'n internasionale firma, of vir entrepreneurskap.

## Baccalaureus in Datawetenskap (BDatWet) (4 jaar)

Dit is 'n tussenfakulteitprogram.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Afrikaans Huistaal **60%** OF Engels Huistaal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Fokusgebiede**
- **Analitika en Optimering**
- **Gedragsekonomie**
- **Statistiese Leer**

**Soortgelyke program:** BCom (Wiskundige Wetenskappe) met fokusgebied Datawetenskap

**Loopbaangeleenthede:**
**Analitika en Optimering:** Operasionele navorsing is 'n analitiese benadering tot datagedrewe probleemoplossing en besluitneming. Probleme word in basiese dele opgebreek en dan volgens wiskundige metodes in duidelik omskrewe stappe opgelos. Operasionele navorsers gebruik wiskundige optimering om die beste prestasie in die bepaalde omstandighede te bepaal. Hulle gebruik simulasie om te eksperimenteer en oplossings op die proef te stel voordat dit geïmplementeer word. Analitika word op sy beurt gebruik om risiko's te identifiseer en nuttige insigte te bekom, en om betroubare voorspellings te maak. Die tegnieke wat op hierdie fokusgebied onderrig word, bied datawetenskaplikes 'n unieke voorsprong in die soeke na optimale oplossings vir werklike, praktiese probleme en open deure na loopbane op terreine soos bedryfsanalise en -konsultasie.
**Gedragsekonomie:** Datawetenskaplikes werk dikwels met data wat aspekte van menslike gedrag vasvang en besluite deur beleggers, verbruikers, werkers, politici, maatskappye en bestuurders weerspieël. Gedragsekonomie ondersoek hoe sielkundige en ekonomiese faktore hierdie besluite beïnvloed. Hierdie fokusgebied sal jou toerus met die vaardighede, modelle en teorieë om menslike gedrag te begryp, te voorspel en te beïnvloed.
**Statistiese Leer:** Besluitneming in bykans alle omgewings berus op massiewe hoeveelhede data, wat beteken dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan vaardige individue wat hierdie oorvloed data kan ontleed en verstaan. Datawetenskap behels oor die algemeen die insameling en stoor van data, die transformasie en grafiese voorstelling van data, en die ontleding van data om voorspellings of afleidings te maak. Die fokusgebied Statistiese Leer behels die identifisering van tendense en patrone in data, en die gebruik van daardie tendense en patrone om statistiese modelle vir voorspelling en klassifisering te bou. Dít is 'n belangrike taak in alle bedrywe, wat beteken dat individue met hierdie bepaalde vaardighede op 'n verskeidenheid domeine aan oplossings vir werklike, praktiese probleme kan werk.

# GRAADPROGRAMME VIR PROFESSIONELE REGISTRASIE

## BCom (Aktuariële Wetenskap) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Huistaal **60%**
- Indien die Huistaal hier bo nie Engels is nie, ook Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Soortgelyke program:** BCom (Wiskundige Wetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Om 'n aktuaris (genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika) te word, moet jy die 15 eksamens van die beroepsliggaam slaag en oor voldoende werkservaring beskik. Suksesvolle universiteitstudie kan vrystelling van 'n aantal van hierdie eksamens tot gevolg hê.

## BCom (Bedryfsielkunde) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusgebied Menslikehulpbronbestuur. 'n BA-graad met Sielkunde en Bedryfsielkunde tot op derdejaarvlak.

**Loopbaangeleenthede:** Statutêre registrasie by die HPCSA as 'n psigometris of bedryfsielkundige is moontlik ná verdere studie, 'n internskap en die slaag van die tersaaklike beroepsraadeksamen.

## BRek (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **70%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%** OF Wiskunde **60%** en Rekeningkunde **70%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Finansiële Rekeningkunde) of BCom (Bestuursrekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Die BRek-graad is jou eerste stap om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word. Om die professionele kwalifikasie van geoktrooieerde rekenmeester te verwerf, moet jy die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA) en/of die Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure (IRBA) slaag. 'n Geoktrooieerde rekenmeester kan as 'n ouditeur vir 'n ouditfirma werk. Hierdie beroep geniet statutêre beskerming. Ander poste in finansiële bestuur, bestuursrekeningkunde of belastingkonsultasie kan ook oorweeg word.

## BCom (Bestuursrekeningkunde) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Soortgelyke programme:** BRek; BCom (Finansiële Rekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Om die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van geoktrooieerde bestuursrekenmeester te verwerf, moet jy die eksamens van die Geoktrooieerde Instituut vir Bestuursrekenmeesters (CIMA, Londen) slaag. Geoktrooieerde bestuursrekenmeesters konsentreer op finansiële bevoegdhede en vertolk en gebruik finansiële inligting in die bestuur van 'n onderneming.

## BCom (Finansiële Rekeningkunde) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **70%**

**Soortgelyke programme:** BRek; BCom (Bestuursrekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Om die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van geoktrooieerde gesertifiseerde rekenmeester te verwerf, moet jy die eksamens van die Vereniging van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeesters (ACCA, Londen) slaag. Gesertifiseerde rekenmeesters stel finansiële state op, doen interne oudits, en bied advies oor bedryf- en belastingsake.



# FAKULTEIT **OPVOEDKUNDE**

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

## Toelating en keuring

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS, die IEB-sertifikaat of 'n gelykstaande skoolverlatersertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **40%** OF Wiskundige Geletterdheid **60%**

EN

*Leerders wat in Engels skoolgegaan het:*
- Engels Huistaal **60%**
- Afrikaans OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**

OF

*Leerders wat in Afrikaans skoolgegaan het:*
- Afrikaans Huistaal **60%**
- Engels OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**

OF

*Leerders wat in isiXhosa skoolgegaan het:*
- IsiXhosa Huistaal **60%**
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**

*BEd (Intermediêrefase-onderwys):* Verdere vereistes hang af van die skoolvakke wat jy wil onderrig.

## BEd (Grondslagfase-onderwys) (4 jaar)

**Program het plek vir 125 studente.**

**Loopbaangeleenthede:** Onderwyser vir graad R tot 3. Nagraadse studie: Raadpleeg die Fakulteit Opvoedkunde se Jaarboek by www.su.ac.za.

## BEd (Intermediêrefase-onderwys) (4 jaar)

**Program het plek vir 125 studente.**

Wiskunde (Ond) is verpligtend (in die eerste jaar), en jy kan twee bykomende onderrigvakke uit die volgende onderrigmodules kies (let op die bykomende toelatingsvereistes vir sommige onderrigmodules):

- Wiskunde (slaag met gemiddelde van **60%** in die eerste jaar)
- Lewensvaardighede
- Natuurwetenskappe (Ond)
  - Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe **50%**
- Sosiale Wetenskappe (Ond)
  - Geskiedenis of Geografie **50%**

**Loopbaangeleenthede:** Laerskoolonderwyser vir graad 4 tot 7 met die bevoegdheid om twee intermediêre skoolvakke en twee tale te onderrig. Nagraadse studie: Raadpleeg die Fakulteit Opvoedkunde se Jaarboek by www.su.ac.za.

## Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) (1 jaar) (voltyds op kampus)

- Twee vakke as onderrigmodules word vir toelating vereis. Elke onderrigvak moet aan die intreevereistes van die betrokke vak voldoen. Nie alle onderrigmodules is elke jaar beskikbaar nie: 'n Minimum getal studente word per onderrigmodule vereis.

- Intreevereiste: 'n Graad op NKR-vlak 7 met twee onderrigvakke.
- Vir NOS-onderrigmodules en hulle vereistes, raadpleeg die Fakulteit Opvoedkunde se Jaarboek by www.su.ac.za.

**Loopbaangeleenthede:** Hoërskoolonderwyser in twee vakke (graad 8 tot 12).

# FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

## Toelating en keuring

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **70%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%**
- Fisiese Wetenskappe **60%**
- Engels Huistaal **50%**, sonder enige Afrikaans-vereiste, OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**, sonder enige Afrikaans-vereiste, OF Engels Eerste Addisionele Taal **50%** met Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **50%** met Afrikaans Tweede Addisionele Taal **60%**
- Aansoekers is ook onderworpe aan keuring volgens keuringskriteria.

Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne word jou keuringspunt bereken deur die punte (uit 100) vir jou graad 11-vakke (vir voorwaardelike keuring) of graad 12-vakke (vir finale keuring) soos volg te gebruik:

**Keuringspunt = Wiskunde-persentasie + Fisiese Wetenskappe-persentasie + (6 x matriekgemiddelde)**

Die matriekgemiddelde word bereken uit die persentasies van die ses beste matriekvakke (Lewensoriëntering uitgesluit). Die maksimum telling is 800. Let daarop dat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe gewoonlik ook tot die gemiddelde bydra.

Oor die afgelope paar jaar het 'n keuringspunt van 600 of hoër studente 'n goeie kans op toelating tot sommige programme gegee, maar in ander word 620 of hoër vereis. Met ander woorde, om 'n redelike kans op keuring vir sommige programme te hê, moet jou punt vir Wiskunde sowel as jou NSS-gemiddelde bo 75 wees, en jou punt vir Fisiese Wetenskappe bo 65. Ander programme sal 'n Wiskunde-punt van ten minste 80 tesame met 'n Fisiese Wetenskappe-punt van ten minste 70 vereis. Jy kan vir meer as een program aansoek doen.

## BIng-programme

### BIng (Chemies) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** BIng (Meganies) – Albei gebiede behels termodinamika en vloeistofdinamika, en die twee werk dikwels saam aan prosesontwerp en -toerusting; BSc (Chemie) – Hierdie graad en BIng (Chemies) het 'n aantal grondslagkursusse gemeen, waaronder Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.

**Loopbaangeleenthede:** Chemiese ingenieurs spesialiseer in die grootskaalse bedryf van prosesse waardeur verskeie verbruiksprodukte vervaardig word, soos chemikalieë, farmaseutiese produkte, kunsmis, brandstof, metaal en ander materiale. Hulle is ook gemoeid met die verwerking en herwinning van afvloeisel en afvalmateriaal.

### BIng (Siviel) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** Oorvleuel met BIng (Chemies) op gebiede soos waterbehandeling, omgewingsingenieurswese en konstruksiemateriaal; BSc (Aardwetenskap); BSc (Geo-informatika)

**Loopbaangeleenthede:** Siviele ingenieurs is verantwoordelik vir groot, permanente werke soos besproeiingstelsels, brûe, damme, hawens, kanale, lughawens, paaie en strate, pypleidings, rioolstelsels, spoorweë, verskillende soorte strukture en struktuurfondamente, stormwaterstelsels, tonnels, torings, watervoorsieningstelsels, en verskeie soorte swaar konstruksiewerk.

### BIng (Elektries en Elektronies) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** BIng (Megatronies) – Albei gebiede behels die integrasie van elektriese, beheer- en rekenaarstelsels; BIng (Meganies) – Oorvleuel in vele opsigte, waaronder beheerstelsels, outomatisering en kragstelsels, veral in die hedendaagse tegnologiegedrewe wêreld.

**Loopbaangeleenthede:** Elektriese ingenieurs is verantwoordelik vir die opwekking, transmissie en omsetting van elektriese energie vir byvoorbeeld fabrieke en munisipaliteite. Elektroniese ingenieurs konsentreer op die beheer van robotiese stelsels; die insameling, verwerking en verspreiding van inligting deur rekenaar- en kommunikasienetwerke soos selfoonnetwerke; en die ontwerp van rekenaars en groot sagtewarestelsels.

### BIng (Elektries en Elektronies) (Data-ingenieurswese) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** Oorvleuel met BIng (Elektries en Elektronies), veral op gebiede soos programmering, sagteware-ontwikkeling, datagedrewe toepassings, seinverwerking, ingeboude stelsels, masjienleer en KI, ensovoorts; BSc (Rekenaarwetenskap) – Oorvleuel in talle opsigte, veral in die konteks van datahantering en -verwerking, wolkberekening, datasekuriteit en -privaatheid, masjienleer en KI.

**Loopbaangeleenthede:** Data-analis, data-ingenieur

### BIng (Bedryf) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** BIng (Meganies) – Veral in die konteks van vervaardiging, produksie en gehaltebeheer, stelselontwerp en -integrasie, en energiedoeltreffendheid; BIng (Siviel) – Oorvleuel veral in die konteks van die optimering en bestuur van grootskaalse projekte en stelsels.

**Loopbaangeleenthede:** Die hoofvertakkings van Bedryfsingenieurswese is vervaardigingstegnologie en operasionele stelselontwerp. Dit behels fasette wat belangrik is in moderne nywerheids- en diensomgewings, soos gehalteversekering, robotika, ingenieursekonomie, operasionele navorsing, nywerheidsergonomie en inligtingstegnologie.

### BIng (Meganies) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** BIng (Megatronies) – Grootste oorvleueling tussen ingenieursgrade in die Fakulteit – veral in die ontwerp en ontwikkeling van komplekse stelsels wat meganiese en elektroniese komponente integreer; BIng (Chemies), BIng (Elektries en Elektronies), BIng (Bedryf), BIng (Siviel)

**Loopbaangeleenthede:** Meganiese ingenieurswese word gekenmerk deur die beweging en oordrag van energie, byvoorbeeld in voertuie, vliegtuie, vaartuie, missiele, verkoelingstelsels, kragstasies en enjins. Dit sluit egter ook masjiene in wat in alle vertakkings van die ekonomie gebruik word, soos prosesaanlegte en vervaardigingsnywerhede.

### BIng (Megatronies) (4 jaar)

**Soortgelyke programme:** BIng (Meganies), BIng (Elektries en Elektronies)

**Loopbaangeleenthede:** Megatroniese ingenieurs konsentreer op stelsels wat gekenmerk word deur die noue integrasie van meganiese komponente, elektroniese sensors, meganiese en elektriese aktueerders en rekenaarbeheerders. Voorbeelde van megatroniese stelsels sluit in elektroniese enjinbeheerstelsels, robotstelsels en geoutomatiseerde monteerlyne.

### Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's) (5 jaar)

Ál ons BIng-programme is ook as VKP's beskikbaar, wat een ekstra studiejaar vereis. 'n Beperkte getal aansoekers wat aan die minimum vereistes van die VKP's voldoen, sal gekeur word. Keuring berus op die keuringspunt, soos wat hier bo verduidelik is, en die sosio-ekonomiese status van aansoekers om voorkeur te gee aan kandidate uit diensarm onderwysomgewings.

# FAKULTEIT **REGSGELEERDHEID**

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

Keuring word gedoen op grond van die finale Graad 11 (of Graad 12, indien beskikbaar) en NNT uitslae in 'n 80:20 verhouding.

## LLB (vierjarig) (4 jaar)

**Plek vir 120 studente.**

- Skryf die NNT's AQL **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die
- IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste
- Addisionele Taal **70%**

*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **60%**

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

**Soortgelyke programme:** BRekLLB, BCom (Regsgeleerdheid), BA (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Regspraktisyn (prokureur of advokaat) nadat jy die nodige praktiese opleiding ondergaan het en die toelatingseksamens van die professie geslaag het; Regter (Landros, Streekslandros, Regter in die Hooggeregshof, Appelregter, Regter in die Grondwetlike Hof); Openbare Beskermer; Akteskantoor eksaminator of registrateur; Meester van die Hooggeregshof; klerk of registrateur van die Hooggeregshof; Regsadviseur, Nakomingsbestuurder; bemiddelaar of abiter; Akademikus (dosent); nie-regeringsorganisasie werk.

Daar is 'n menigte ander loopbaanopsies vir regstudente, 'n paar voorbeelde sluit in: Entrepreneur, Besigheidsbestuurder, Joernalis, en poste in die nasionale of provinsiale regering.

## LLB (driejarig) (3 jaar)

**50 plekke in die program.**

Hierdie graad is slegs beskikbaar as 'n tweede baccalaureusgraad en is gemik op baccalaureusgraduandi uit dissiplines anders as regsgeleerdheid. Keuring is gebaseer op die vorige baccalaureusgraad, en slegs aansoekers wat 'n gemiddeld van minstens **60%** in die vorige graad behaal het, word oorweeg.

## BA (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

**Plek vir 55 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**

*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **60%**

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

**Soortgelyke programme:** LLB, BRekLLB, BCom (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Die graad verryk 'n mens se begrip van tale, menslike gedrag en sosiale kwessies. Die BA (Regsgeleerdheid)-graad bied ook toegang tot die 2-jaar LLB-graad, wat jy moet voltooi as jy 'n regspraktisyn (prokureur of advokaat) wil word.

## BCom (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

**Plek vir 80 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL en MAT **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** LLB, BRekLLB, BA (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Die graad bied die nodige agtergrond vir 'n loopbaan in die sakewêreld en kommersiële reg. Die BCom (Regsgeleerdheid)-graad bied ook toegang tot die 2-jaar LLB-graad, wat jy moet voltooi as jy 'n regspraktisyn (prokureur of advokaat) wil word.

## BRekLLB (5 jaar)

**Plek vir 35 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL en MAT **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **80%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
- Wiskunde **70%** OF Wiskunde **60%** en Rekeningkunde **70%**

**Soortgelyke programme:** LLB, BRek, BCom (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Die BRekLLB-graad is uniek en kombineer twee grade. Gegradueerdes kan dus kies om 'n loopbaan in die regte, rekeningkunde of enige verwante veld te volg. Die LLB stel jou in staat om die regsberoep te betree nadat jy praktiese opleiding voltooi het en die voorgeskrewe eksamens geslaag het. Die BRek gee jou toegang tot 'n nagraadse kwalifikasie in Rekeningkunde wat vereis word om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word.



# FAKULTEIT **GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

Ons programme is geakkrediteer vir professionele registrasie by liggame soos die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (HPCSA) en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV).

## Toelating en keuring

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.** Aansoekers word volgens die kategorieë hier onder oorweeg:

1. Huidige leerders (graad 12) en aansoekers wat hulle skoolloopbaan in 2024 of 2025 voltooi het en nog nie aan enige formele studie deelgeneem het nie, word op grond van akademiese meriete en nie-akademiese meriete gekeur, ooreenkomstig die keuringsriglyne van elke program.
2. Geregistreerde universiteitstudente (vir MBChB, slegs geregistreerde US-studente) word oorweeg op grond van akademiese en nie-akademiese meriete, ooreenkomstig die keuringsriglyne van elke program.
3. Aansoekers met tersiêre kwalifikasies en/of werkservaring word oorweeg op grond van akademiese en nie-akademiese meriete, ooreenkomstig die keuringsriglyne van elke program.

## MBChB (6 jaar)

**Sowat 280 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **75%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** Raadpleeg die toelating- en keuringsvereistes by www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.

**Loopbaangeleenthede:** Jy sal ná 'n internskap van twee jaar en 'n gemeenskapsdiensjaar in aanmerking kom vir registrasie by die HPCSA in die kategorie Onafhanklike Mediese Praktisyn.

## Baccalaureus in Verpleegkunde (4 jaar)

**Sowat 50 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **40%** of Wiskundige Geletterdheid **70%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Dieetkunde; Baccalaureus in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie; Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie

**Loopbaangeleenthede:** Jy sal ná 'n jaar gemeenskapsdiens by die SARV as 'n verpleeg- en verloskundige kan registreer.

## BSc in Dieetkunde (4 jaar)

**Sowat 35 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Voedselwetenskap; BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; Baccalaureus in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie.

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan ná 'n jaar gemeenskapsdiens by die HPCSA as 'n dieetkundige registreer.

## Baccalaureus in Arbeidsterapie (4 jaar)

**Sowat 50 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Fisioterapie; Baccalaureus in Verpleegkunde; BSc in Dieetkunde; BSc in Menslike Lewenswetenskappe; BSc in Sportwetenskap.

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan ná 'n jaar gemeenskapsdiens by die HPCSA as 'n arbeidsterapeut registreer.

## BSc in Fisioterapie (4 jaar)

**Sowat 55 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Sportwetenskap; BSc in Menslike Lewenswetenskappe; Baccalaureus in Verpleegkunde; Baccalaureus in Arbeidsterapie

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan ná 'n jaar gemeenskapsdiens by die HPCSA as 'n fisioterapeut registreer.

## Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (4 jaar)

**Sowat 30 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Fisiese Wetenskappe **50%** OF Lewenswetenskappe **60%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskunde Geletterdheid **80%**
- Ten minste TWEE van die volgende DRIE tale (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **60%**: Engels EN/OF Afrikaans EN/OF 'n derde Suid-Afrikaanse taal.

**Soortgelyke programme:** Baccalaureus in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie; BSc in Menslike Lewenswetenskappe

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan ná 'n jaar gemeenskapsdiens by die HPCSA as 'n spraak-taalterapeut registreer.



# FAKULTEIT
# NATUURWETENSKAPPE

Studente word aangemoedig om 'n drie jaar lange BSc-graad met 'n honneursgraad op te volg. Dit sal jou in staat stel om erkenning en (waar van toepassing) registrasie as 'n professionele wetenskaplike te bekom, en sal jou heelwat meer loopbaangeleenthede bied. Alle voorgraadse programme van die Fakulteit Natuurwetenskappe lei tot nagraadse programme in Natuurwetenskappe óf ander fakulteite.

Vir verdere inligting oor nagraadse programme, raadpleeg gerus die Universiteit se nagraadse prospektus by https://www.su.ac.za/en/apply/pg-studies/postgraduate-programmes-offer.

## Toelating en keuring

Indien jy tans in graad 12 is, gebruik die Fakulteit jou finale graad 11-punte vir keuring. As jy reeds graad 12 voltooi het, sal jou finale graad 12-punte vir keuring gebruik word. 'n Keuringspunt word soos volg bereken:

**Keuringspunt (KP):**
**[(Wiskunde x 2) + 5 ander vakke (waarvan ten minste een Engels of Afrikaans moet wees; Lewensoriëntering uitgesluit)] ÷ 7**

> **Let daarop** Let daarop dat die **keuringsdrempel** hoër is as die minimum kriteria hier onder. Vir keuringskriteria, raadpleeg asseblief die dokument **Natuurwetenskappe toelating- en keuringsriglyne** by www.maties.com.

Nota oor toelatingsvereistes vir Wiskunde**

Die Wiskunde-vereiste vir 'n program hang af van jou vakkombinasie in jou eerste jaar op universiteit.
- As jy Wiskunde en Fisika as eerstejaarsvakke neem: Wiskunde **70%**
- As jy Wiskunde (Bio) en Fisika (Bio) as eerstejaarsvakke neem: Wiskunde **60%**

# PROGRAMME IN DIE BIOLOGIESE WETENSKAPPE

## BSc Biodiversiteit en Ekologie (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%**

Fokusareas (jy kies een)
- **Klimaatsverandering-ekologie**
- **Plant- en Dierbiodiversiteit**
- **Plante en Mikrobes**

**Soortgelyke programme:** BSc met fokusarea Biowiskunde; BSc Bewaringsekologie; BScAgric Plant- en Grondwetenskappe; BScAgric Diereproduksiestelsels.

**Loopbaangeleenthede:** Plantkundige, dierkundige, plantbiotegnoloog, bewaringswetenskaplike, forensiese wetenskaplike, mariene wetenskaplike, omgewingsassesseringspraktisyn, bewaringstegnikus, ekoloog, laboratorium-analis, omgewingskonsultant, omgewingsimpakdeskundige, grondgebruik-beplanner, landbouadviseur, omgewingsopvoeder, Lewenswetenskappe-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat).

## BSc Menslike Lewenswetenskappe (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van Wiskunde en Fisika in jou eerste jaar) **

Fokusareas (jy kies een)
- **Biologie**
- **Biologie met Sielkunde**

**Soortgelyke programme:** BSc Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie, of fokusarea Biomediese Wiskundige Wetenskappe; BSc Sportwetenskap.

**Loopbaangeleenthede:** Forensiese wetenskaplike, fisioloog, stamselnavorser, laboratorium-analis, mediese verteenwoordiger, biomediese wetenskaplike, oefeningfisioloog, voedingskundige, kliniese navorser, biochemikus, menslike genetikus, forensiese of kliniese sielkundige (met die nodige nagraadse kwalifikasie), Lewenswetenskappe-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), antropometris, biotegnoloog: werk met menslike selle, ontwikkeling van nuwe geneesmiddels, wetenskapjoernalis (met die nodige nagraadse kwalifikasie).

## BSc Molekulêre Biologie en Biotegnologie (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van Wiskunde en Fisika in jou eerste jaar) **

**Soortgelyke programme:** BSc Menslike Lewenswetenskappe; BSc Chemie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie, of fokusarea Bioinformatika; BScAgric Wingerd- en Wynkunde.

**Loopbaangeleenthede:** Plantbiotegnoloog, forensiese wetenskaplike, mariene wetenskaplike, omgewingstudiepraktisyn, laboratorium-analis, voedselinspeksieanalis, biochemikus, genetikus, Lewenswetenskappe-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), biobrandstofontwikkelaar, mikrobioloog, biotegnoloog: werk met selle, gis, bakterieë, fungi en virusse vir die ontwikkeling van siektevrye plante, nuwe geneesmiddels of ensieme wat nuttig is in nywerhede of mynbou, wateranalis.

## BSc Sportwetenskap (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** BSc Menslike Lewenswetenskappe; BSc met fokusarea Biomediese Wiskundige Wetenskappe; BSc Fisioterapie.

**Loopbaangeleenthede:** Sportafrigter, sportbestuurder, sportwetenskaplike, sportfisioloog, werk met persone met gestremdhede, fiksheidsinstrukteur, persoonlike afrigter, onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat).

# PROGRAMME IN DIE FISIESE WETENSKAPPE

## BSc Chemie (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **70%**

Fokusareas (jy kies een)
- **Chemie en Polimeerwetenskap**
- **Chemiese Biologie**
- **Toegepaste en Volhoubare Chemie**
- **Chemie met Chemiese Ingenieurswese**

**Soortgelyke programme:** BSc Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie; BSc Aardwetenskappe; BSc Voedselwetenskap.

**Loopbaangeleenthede:** Navorsingswetenskaplike, gehalteversekeringsbestuurder, rampbestuurbeampte, analitiese chemikus, toksikoloog, farmakoloog, loopbane in die verpakkings-, verf-, kleefmiddel- en tekstielbedryf, sowel as in die vervaardigingsektor of by verskaffers van grondstowwe, loopbane gemoeid met die beplanning en bedryf van chemiese aanlegte, die ontwikkeling van analitiese metodes en produksieprosesse, bemarking van chemikalieë en wetenskapsinstrumente, omgewingswetenskaplike, forensiese analis, vervaardiger van plaagdoders, farmaseutiese produkte, kosmetiese en reukwaterprodukte, chemikus gemoeid met proses- en gehaltebeheer van grondstowwe en vervaardigde produkte, produkontwikkelaar (prosteses, sportdrag, sporttoerusting, beskermende klere), tekstielwetenskaplike (mediese tekstiele, nywerheidstekstiele, mikrovesels, nanovesels), tegniese verkoopsbestuurder, produksiebestuurder, gehaltebestuurder, aankoper, Fisiese Wetenskappe-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), patentprokureur (met die nodige nagraadse kwalifikasie).

## BSc Aardwetenskap (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van Wiskunde en Fisika in jou eerste jaar) **

**Fokusareas (jy kies een)**
- Toegepaste Aardwetenskap
- Geo-omgewingswetenskap

**Soortgelyke programme:** BSc Biodiversiteit en Ekologie; BSc Chemie; BScAgric Plant- en Grondwetenskappe.

**Loopbaangeleenthede:** Omgewingskonsultant, grondwaterspesialis, geotegniese geoloog, grondwetenskaplike, grondgebruikrehabiliteerder, geoloog, myngeoloog, omgewingsrehabilitasie-ingenieur, eksplorasiekonsultant, omgewingsgeochemikus, seismoloog, gesteentekenner, mariene geoloog, toegepaste mineraloog, vulkanoloog, geofisikus.

## BSc Geo-informatika (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%**; OF
  **70%** (indien jy Rekenaarwetenskap as 'n universiteitsvak kies) **

**Soortgelyke programme:** BSc Aardwetenskap; BSc Rekenaarwetenskap; BA Ontwikkeling en die Omgewing.

**Loopbaangeleenthede:** Hoof- ruimtelike inligtingsbeampte, georuimtelike inligtingsintegreerder, afstandswaarnemingspesialis, meteoroloog, geografiese inligtingstelsels- (GIS-)tegnikus, vervoerbeplanning, kartografie, kaartontwerper, georuimtelike sagteware-ingenieur, klimatoloog, aardwaarnemingsanalis, aardwaarnemingspesialis (afstandswaarneming) by omgewingskonsultasiegroepe, beplanning- en ingenieursfirmas, programontwikkeling- en rekenaarkonsultasiegroepe op alle vlakke van regering gemoeid met hulpbron- en infrastruktuurbestuur, agentskappe gemoeid met natuurlike- en menslikehulpbronontwikkelingsprogramme, mineraaleksplorasie en -ontginning.

## BSc Fisika (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **70%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Laserfisika (Fisies)
- Laserfisika (Biologies)
- Teoretiese Fisika

**Soortgelyke programme:** BSc Chemie, BSc Wiskundige Wetenskappe met fokusarea Toegepaste Wiskunde.

**Loopbaangeleenthede:** Stralingsbeskermingspraktisyn, mediese fisikus, nanotegnoloog, data-analis, Fisiese Wetenskappe-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), geofisikus, mediese bedryf, luggehalte-assesseerder, atmosferiese modelleerder, forensiese fisikus, navorsingsgeleenthede by die iThemba Laboratorium vir Versnellergebaseerde Wetenskappe (iThemba LABS) en instellings soos Eskom, die WNNR, Sasol, die SABS, 'n loopbaan in bedrywe soos optiese stelsels, kommunikasie (optiese vesel), ekologie (besoedelingsmonitering), kriminologie (forensiese wetenskap), verdediging (beheer en kommunikasie), kernkragstasies en myne, werk op die algemene terrein van inligtingstegnologie, geologie, biologie en finansies, astrofisikus, kosmoloog.

# PROGRAMME IN DIE WISKUNDIGE WETENSKAPPE

## BSc Wiskundige Wetenskappe (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**

*Indien jy Chemie of Fisika as 'n universiteitsvak neem:*
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Toegepaste Wiskunde
- Wiskunde
- Operasionele Navorsing

**Soortgelyke programme:** BSc Rekenaarwetenskap; BIng; BSc Fisika; BCom Wiskundige Wetenskappe; BSc met fokusarea Biowiskunde.

## BSc Rekenaarwetenskap (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**

*Indien jy Chemie of Fisika as 'n universiteitsvak neem:*
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Algemene Rekenaarwetenskap
- Rekenaarstelsels
- Datawetenskap

**Soortgelyke programme:** BSc Wiskundige Wetenskappe; BIng; BSc Fisika; BSc GeoInformatika; BSc met fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie; BCom Wiskundige Wetenskappe; BDatSci.

**Loopbaangeleenthede** (programme in die Wiskundige Wetenskappe): Aktuariële analis, kwantitatiewe analis, krediet-analis, risikobestuurder, risikoprodukontwikkelaar, bedryfsintelligensieanalis, forensiese rekenaar-analis, rekenaarstelsel-analis, databasisadministreerder, finansiële analis, wiskundige, operasionele navorsingsanalis, akoestiekkonsultant, data-analis, beleggingsanalis, sagtewaretoetser, speletjieontwerper en -ontwikkelaar, CAD-ontwerper, finansiële bestuurder, Wiskunde-onderwyser (ná voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), operasionele navorser, voorsieningskettinganalis, datawetenskaplike, dosent, navorser op interdissiplinêre wetenskaplike terreine wat meer op strukturele wiskunde as analitiese wiskunde staatmaak, konsultant in die ingenieursbedryf, programmeerder, kenner in die modellering van dinamiese prosesse, beeldverwerking,

numeriese metodes en vloeimodellering in die bankwese of die ingenieurs- of rekenaarbedryf, loopbane wat gesofistikeerde kwantitatiewe vaardighede vereis soos in die bank-, belegging- en versekeringsektore, proses- of stelseloptimeerder, logistiekkenner in die vervoer- en bevoorradingsektor, projekontwikkelaar, beplanner, ook toepassingsmoontlikhede in korporatiewe boerdery, mynwese, bosbou, die vervaardigingsektor, produkbemarking, stelselsontwerper, sagtewareontwikkelaar in die sekuriteit- en banksektor, netwerkspesialis, ontwerper van mobiele toepassings vir slimfone en tabletrekenaars, 3D-animeerder vir die filmbedryf.

## INTERDISSIPLINÊRE PROGRAMME

### BSc (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **65%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- **Biomediese Wiskundige Wetenskappe**
- **Toegepaste Medisinale Chemie**
- **Bioinformatika en Berekeningsbiologie**
- **Biowiskunde**

### Baccalaureus Datawetenskap (BDatSci) (4 jaar)

Interfakulteitsamewerking

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **80%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Afrikaans Huistaal **60%** OF Engels Huistaal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Fokusareas in die Fakulteit Natuurwetenskappe (jy kies een)**
- **Rekenaarwetenskap**
- **Toegepaste Wiskunde**
- **Statistiese Fisika**

**Soortgelyke programme:** BSc Rekenaarwetenskap; BIng; BSc Fisika; BSc Wiskundige Wetenskappe; BSc met fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie, of fokusarea Biomediese Wiskundige Wetenskappe; BCom Wiskundige Wetenskappe.

**Loopbaangeleenthede (interdissiplinêre programme):** Analis, ontwikkelingschemikus, navorsingsassistent, chemikus ter plaatse, mediese chemikus, datawetenskaplike, masjienleeringenieur, masjienleerwetenskaplike, toepassingsargitek, bedryfsintelligensieontwikkelaar, statistikus, data-analis, skakelbeampte op medies wetenskaplike gebied, farmaseutiese wetenskaplike, medewerker aan kliniese proewe, spesialis in reguleringsake, farmakologiese waaksaamheidsbeampte, gehalteversekeringspesialis, mediese verteenwoordiger, mediese epidemioloog, biomediese ingenieur, analis op gebied van verpersoonlikte geneeskunde, navorser op die terrein van sisteembiologie.

### BSc (Verlengdekurrikulumprogramme) (VKPs) (4 jaar)

Hierdie programme bied 'n alternatiewe roete na die BSc-programme in die Biologiese, Fisiese en Wiskunde wetenskappe, sowel as die interdissiplinêre BSc.
Die vier jaar lange VKP begin met 'n grondslagjaar, gevolg deur die kurrikulum vir een van die hoofstroomprogramme van die BSc-graad.

- Aansoekers uit die aangewese diversiteitsgroepe en sosio-ekonomiese kategorieë wat nie aan die keuringsvereistes voldoen nie, kan moontlik in **Oktober** 'n aanbod ontvang om na 'n VKP oor te slaan.
- Aansoekers uit die aangewese diversiteitsgroepe en sosio-ekonomiese kategorieë wat nie aan die keuringsvereistes vir **'n finale aanbod** voldoen nie, kan in **Januarie** 'n versoek vir toelating tot 'n VKP indien.

# FAKULTEIT **TEOLOGIE**

Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, word gekeur volgens die Fakulteit se keuringsriglyne by **www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

### BTh (Baccalaureus in Teologie) (3 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)

**Soortgelyke programme:**
BDiv (Baccalaureus in Godgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Jeugwerker, berader of gemeenskapswerker.

### BDiv (Baccalaureus in Godgeleerdheid) (4 jaar)

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)

**Soortgelyke programme:** BTh (Baccalaureus in Teologie)

**Loopbaangeleenthede:** Eerste stap in bedieningsopleiding. Om 'n predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) of Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) te word, voltooi die BDiv en MDiv. NGK-kandidate moet ook die Nagraadse Diploma in Teologie (Christelike Bediening) verwerf. Kandidaatbedienaars in die Presbiteriaanse, Anglikaanse en Volkskerk word verder deur hulle denominasies opgelei.

### Verlengdekurrikulumprogram (+1 jaar)

Kandidate vir die BTh en die BDiv kan vir die verlengdekurrikulumprogram in aanmerking kom.

- 'n Gemiddelde prestasie van ten minste **55%** dog onder **60%** in die NSS (Lewensoriëntering uitgesluit)
- 'n Onderhoud met die Dekaan of 'n verteenwoordiger, indien dit vereis word
- Dít is 'n keuringsprogram aangesien slegs 'n beperkte getal plekke beskikbaar is.

**** Motiveringsbrief van denominasie/bedienaar oor student se betrokkenheid by die kerk én die redes waarom die kerk/denominasie die student vir teologiestudie aanbeveel.**



**Vrywaring**
Die Universiteit behou die reg voor om die inligting in hierdie brosjure enige tyd en soos die behoefte ontstaan, aan te pas. Hierdie inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier gegee na die beste van ons wete en so akkuraat en volledig moontlik teen druktyd in Desember 2025. Die verifikasie van die gegewe inligting bly die verantwoordelikheid van die voornemende student. Die jongste inligting is beskikbaar op **www.maties.com** en by die telefoonnommers wat in hierdie brosjure gegee word.

# BLY OP HOOGTE

www.maties.com

# VOLG ONS

Facebook: www.facebook.com/stellenboschuniversity
X: @StellenboschUni
Instagram: www.instagram.com/stellenboschuni
YouTube: www.youtube.com/user/StellenboschUni

Doen aansoek by Universiteit Stellenbosch

Verblyf

Finansiële hulp

Gelde

# Kliëntedienssentrum

Telefoon: +27 21 808 9111
Epos: info@sun.ac.za